Staan op vir die Koning

Sportgeesdriftiges is bekend met die lied " Stand up for the Champions " wat verskeie kere oor die radio gehoor is . Die heerlike , polsende en dawerende lied maak 'n mens sommer lus vir die lewe . In jou geestesoog sien jy die helde van die wedstryd op die veld draf om die loerierkrans as oorwinnaars te ontvang . Aanskoulik inderdaad .

Die Held onder die helde is uiteraard ook die Koning van die konings. Alle oorwinnings is menslik en voorlopig , Sy oorwinning is vas en seker .

Die lied " Staan op vir die Koning" roep gelowiges om op entoesiastiese wyse in eerbied voor sy hoë majesteit te buig.

Brettian platemaatskappy het 'n uitsonderlike opname van hierdie lied gemaak. Daarbenewens word verskeie ander liedere op die CD ingesluit . Bekendes soos Oorwinningslied, Agnes Dei, Nkosi Sikelel iAfrika, Your Majesty, Blessed be the Name of the Lord is ook op die CD ingesluit.

Die lied " Staan op vir die Koning" word tydens saamtrekke regoor Suid Afrika luidkeels gesing wanneer die hardlopers en optog die stadions binnekom. Die CD is beskikbaar by Brettian (011 4531432 ; 011 6652516.) of kan van die Jesus Projek , Posbus 977, Rant en Dal, 1751 bestel word. Die koste van R100 sluit pos en verpakking in

Staan op vir die Koning nou
Afrikaanse woorde: Jannie Pelser

U roep my om uit te staan
Eer te gee aan Jesus Naam
Ek het genoeg van ongeloof
Beywer my vir krag van Bo
Ek het krag, die Heilige Gees
Werk nou in my om sterk te wees

Staan op, vir die Koning nou, vir die Koning nou, staan op
Staan op, staan op, vir Sy Koninkryk en sy majesteit, staan op

Die uur is laat, die wêreld spot
Hul weet ook niks van sy gebod
Ek sal nie skroom of huiwer nie
Niks sal my verhinder nie
Niks kan my keer Hy roep jou ook
Staan op vir Jesus kom laat ons kook
Staan op…..

Oorgang: As ek seerkry help my Here my weer op

Aksieprogram om SABC te beweeg

'n Driemaande aksie program word vanaf 1 Mei van stapel gestuur om die SABC te beweeg om die sentimente van Christene respekvol te akkomodeer . Dit volg nadat 'n afvaardiging bestaande uit oa. dr Izak Burger, prof Hennie Stander en ds Jannie Pelser 'n teleurstellende ontvangs by die SABC gehad het. Die besoek is met 'n brief beantwoord waarin die SABC onder andere beweer dat hulle nie lasterlike programme uitsaai nie .Daarbenewens is die UKKSA in stilswye gehul. Sedert die Jesus Projek begin het was daar geen amptelike erkenning van ontvangs van korrespondensie nie. Dit desondanks die feit dat stukke per aangetekende pos bestel is.

Om te protesteer is 'n belangrike faset van Christen wees . Dit beteken nie dat Christene foutvinderig is en oor alles in die lewe wil kla nie. Christene is verdraagsaam en vol begrip. Christene staan egter onder die gesag van God se Woord. Christene is God die hoogste gehoorsaamheid verskuldig. As Christene moet kies, kies hulle God en sy Woord. Derhalwe kan Christene nie vrede maak as die Naam van die Here van die Woord, die NAAM BO ALLE ANDER NAME, die Naam wat deur sy bloed verlossing en genesing bewerk het, die Naam waarvoor honderde duisende mense deur die eeue bereid was om hul lewens af te lê, flaggant misken en gelaster word nie . Dit is te veel gevra. Om stil te bly is om die saak goed te keur .

As gesprek en onderhandeling dan nie die gewenste uitwerking het nie moet Chrsitene ander weë verken. In alles met die gesindheid van Jesus – maar beslis om gehoor te word .

E D U T E L
SKILLS DEVELOPMENT

Supports the Jesus Project

D for divinity

As christians we would prefer a situation where all blasphemy is edited from cinema and television screens. This however is not a realistic expectation .We live in a secular society where people have different opinions of what is acceptable and what not. One person finds the use and abuse of God's Name offensive whilst another can live with it. To a third group it really makes no difference at all . Yet another person insists that no cuts be made from the sound track of films and television programs at all . All these opinions have to be accommodated.

Background:

The Jesus Project had to make a decision that would be fair to all people. We therefore decided to ask for "*information*". If believers know beforehand that the name of God is misused in a particular program,one can choose not to see it. One can protect one's children from influences that undermines the authority of God in their lives. Therefore the Jesus Project decided to ask for a special classification for all programs and films where God's Name is abused. The letter "B" for blasphemy was decided upon.

Distributors not happy:

The distributors of films in South Africa were not happy with this request . "B" makes a judgment whilst any other symbol recommended by the Film and Publications Board simply informs without ruling. A "V" symbol for example indicates that film contains violent scenes, but does not comment on whether the violance is "good" or "bad". Viewers have to make that judgement for themselves.

This fact brought the Jesus Project to the point where another symbol, not judgmental in nature , was suggested . The letter "D" for "divinity" simply indicates that the Name of God is "used".

More than once:

The FPB has a very handy definition for "frequent" . It simply says: "more than once". This made our request even easier. If the Name of God is used "more than once" we suggest a "D" classification. It is left to the discretion of believers to decide whether they want to submit themselves to the abuse of the Name of the most Holy One.

So far a tentative arrangement has been agreed upon with Ster Kinekor and Nu Metro. The SABC however remains adamant that they "do not broadcast blasphemous programming"

Sit af ... dit is die regte ding om te doen

Toegegee , nie alle programme op SABC is sleg nie. Inteendeel, daar is baie kykbare en opbouende stof. Wat maak 'n mens wanneer jy na 'n program kyk waarin die Naam van die Here misbruik word. Die antwoord is eenvoudig . . . jy verander van kanaal of sit die TV af. Dit is die regte ding om te doen .

Die verpakking kos geld

Die Evangelie is inderdaad gratis en verniet. Daarsonder sou niemand die vreugde kon smaak van 'n persoonlike verhouding met God nie. God het gegee sodat ons kan lewe.
Wanneer 'n oproep vir finansiële steun gedoen word redeneer mense dikwels vanuit die perspektief dat die Evangelie gratis is. Dit is uiteraard waar, maar die verpakking van die Evangelie kos geld . Om 'n Bybel te produseer, 'n CD op te neem , 'n bandjie te versprei of 'n projek te loods kos baie geld. As 'n saak belangrik genoeg is om van stapel te stuur, moet dit eweneens belangrik genoeg wees om finasiëel te steun. Feit van die saak is dat die Jesus Projek, ten spyte van bykans 250000 mense wat per handtekening reageer het, asook die oorweldigende steun van honderde gemeentes, 'n baie geringe finansiële steun tot gevolg gehad het. Dit sal jammer wees as hierdie inisiatief vanweë finansies skipbreuk moet lei. Help asseblief om hierdie saak deur te sien .
Die Jesus Projek, ABSA Krugersdorp,
Rek nr 629760644